# SLENTERS EN UITVISSINGAANVALLE

Jy moet bewus wees van e-posslenters en daarom het ons 'n afdeling op die webtuiste geskep waar ons nuus oor enige slenters, waarvan ons bewus gemaak word, sal plaas. Ons wil ook hê dat jy ons inlig oor enige e-posse wat jy dink slenters of uitvissing is. Om te rapporteer of om meer inligting oor uitvissery te bekom, stuur gerus 'n e-pos aan phishing@sars.gov.za of skakel die bedrog- en teenkorrupsielyn by 0800 00 2870.

Daar word lukraak fop e-posse aan lede van die publiek gestuur wat lyk of dit deur SARS gestuur is, maar inteendeel bedrieglike e-posse is wat daarop gemik is om niksvermoedende belastingpligtiges uit te lok om persoonlike inligting soos bankrekeningbesonderhede te deel.  Voorbeelde sluit e-posse in wat voorkom of dit gestuur is van returns@sars.co.za of refunds@sars.co.za wat aandui dat belastingpligtiges in aanmerking kom vir belastingterugbetalings. Sodanige e-posse bevat skakels na vervalsde vorms en vals webtuistes wat soos die ware Jakob lyk, maar met die doel om belastingpligtiges te kul om hulle persoonlike inligting soos bankrekeningbesonderhede in te sleutel wat kriminele dan trek en vir bedrieglikhede gebruik.

Neem asseblief kennis dat hierdie slenters is en dat belastingpligtiges van die volgende moet bewus wees:

- Moenie e-posse van onbekende bronne oopmaak of daarop reageer nie.
- Pasop vir e-posse wat vir persoonlike, belasting, bank of eFiling besonderhede vra (intekenbesonderhede, wagwoorde, PIN-kodes, krediet-/debietkaartinligting, ens.).
- SARS sal nooit jou bank- of persoonlike besonderhede versoek in enige korrespondensie wat jy per pos, e-pos of SMS ontvang nie. Alhoewel, vir die doel van telefoniese skakeling en outentiseringsdoeleindes, sal SARS jou persoonlike besonderhede verifieer. Dis belangrik om te weet dat SARS geen skakels na ander webtuistes vir jou sal stuur nie - selfs nie die van banke nie.
- Pasop vir valse SMS'e.
- SARS stuur glad nie *.htm of *.html aanhegsels nie.
- SARS sal nooit vir jou kredietkaarbesonderhede nie.

**Top wenk:** 'n Belastingpraktisyn moet geregistreer wees alvorens hy/sy geld vir sy/haar dienste kan vra.  Jy kan hier nagaan of jou belastingpraktisyn wel by SARS en 'n erkende beherende liggaam (RCB) geregistreer is.